



REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

STAATSKOERANT

GOVERNMENT GAZETTE

OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Registered at the Post Office as a Newspaper

R1,00 Prys • Price
R0,10 Plus 10% BTW • VAT
R1,10 Verkoopprys • Selling price
Buitelands **R1,40** Other countries
Posvry • Post free

Vol. 325

KAAPSTAD, 10 JULIE 1992

No. 14125

CAPE TOWN, 10 JULY 1992

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 1909.

10 Julie 1992

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring gegee het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 121 van 1992: Wet op Abattoirhigiëne, 1992.

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 1909.

10 July 1992

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 121 of 1992: Abattoir Hygiene Act, 1992.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Om voorsiening te maak vir die handhawing van behoorlike standaarde van higiëne by die slag van diere ten einde geskikte vleis vir menslike en dierlike verbruik te verkry, en by die hantering, hou en vervoer van sodanige vleis en dierlike produkte by en vanaf abattoirs; te dien einde die slag van diere op enige ander plek as 'n abattoir wat voldoen aan sekere vereistes met betrekking tot die uitleg en struktuur daarvan, en die vaste toerusting en ander fasiliteite wat daar geïnstalleer of verskaf moet word, en wat ingevolge hierdie Wet goedgekeur is, te verbied; te vereis dat sodanige vleis en dierlike produkte gehanteer of gehou moet word by en verwyder moet word vanaf abattoirs in ooreenstemming met voorgeskrewe vereistes; te bepaal dat vleis nie ingevoer mag word nie behalwe op gesag van 'n permit deur die direkteur uitgereik; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)
(Goedgekeur op 2 Julie 1992.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordomskrywing

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—
 - (i) “abattoir” ’n plek waar diere geslag word of bestem is om geslag te word, met inbegrip van alle fasiliteite wat normaalweg by so ’n plek tuishoort of daaraan verbonde is, ongeag of sodanige fasiliteite op dieselfde plek as sodanige plek geleë is al dan nie; (i) 5
 - (ii) “beampte” ’n beampte soos omskryf in artikel 1(1) van die Staatsdienswet, 1984 (Wet No. 111 van 1984), wat in die departement in diens is, en ook ’n werknemer, aldus omskryf, wat aldus in diens is; (xii) 10
 - (iii) “besmet” ly aan, of in die inkubasiestadium van, of besoedel met die besmetting van, ’n besmetlike of aansteeklike siekte; (viii)
 - (iv) “departement” die Departement van Landbou; (v)
 - (v) “dier” ’n dier van ’n voorgeskrewe soort; (ii) 15
 - (vi) “dierlike produk” enige gedeelte van ’n dier behalwe die vleis daarvan, hetsy dit bestem is om deur behandeling of verwerking omgeskep te word in gebruiksartikels of nie; (iii)
 - (vii) “direkteur” daardie beampte wat in diens is by die departement en ingevolge artikel 2 as Direkteur van Vleishigiëne aangewys is; (vi) 20
 - (viii) “Direkteur-generaal” die Direkteur-generaal van die departement; (vii)
 - (ix) “eienaar”, met betrekking tot ’n abattoir, die persoon by wie die eiendomsreg van die abattoir berus, of, in die geval van ’n abattoir ten

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

 Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To make provision for the maintenance of proper standards of hygiene in the slaughtering of animals for the purpose of obtaining suitable meat for human and animal consumption, and in the handling, keeping and conveyance of such meat and animal products at and from abattoirs; to that end to prohibit the slaughtering of animals at any place other than an abattoir which complies with certain requirements with regard to the outlay and structure thereof, and the fixed equipment and other facilities to be installed or provided thereat, and which have been approved in terms of this Act; to require that such meat and animal products shall be handled or kept at and be removed from abattoirs in accordance with prescribed requirements; to provide that meat shall not be imported except on the authority of a permit issued by the director; and to provide for matters connected therewith.

*(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 2 July 1992.)*

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—

- 5 (i) "abattoir" means a place where animals are slaughtered or are intended to be slaughtered, and includes all facilities which normally appertain or are attached to such a place, whether or not such facilities are situated at the same place as such place; (i)
- (ii) "animal" means any animal of a prescribed kind; (v)
- 10 (iii) "animal product" means any portion of an animal excluding the meat thereof, whether or not it is intended to be converted by treatment or processing into articles in daily use; (vi)
- (iv) "approved abattoir" means an abattoir in respect of which a certificate of approval has been issued in terms of section 5; (x)
- 15 (v) "department" means the Department of Agriculture; (iv)
- (vi) "director" means that officer who is employed in the department and has been designated in terms of section 2 as Director of Meat Hygiene; (vii)
- (vii) "Director-General" means the Director-General of the department; 20 (viii)
- (viii) "infected" means suffering from, or in the incubation stage of, or contaminated with the infection of, any contagious or infectious disease; (iii)
- 25 (ix) "meat" means those portions of any animal which are ordinarily intended for human or animal consumption; (xvi)

- opsigte waarvan die reg op algemene beheer by 'n ander persoon berus as die persoon by wie die eiendomsreg berus, daardie ander persoon; (xiii)
- (x) "goedgekeurde abattoir" 'n abattoir ten opsigte waarvan 'n sertifikaat van goedkeuring ingevolge artikel 5 uitgereik is; (iv) 5
- (xi) "hierdie Wet" ook enige regulasie; (xvii)
- (xii) "Minister" die Minister van Landbou; (xi)
- (xiii) "regulasie" 'n regulasie kragtens artikel 24 uitgevaardig; (xv)
- (xiv) "slag", met betrekking tot 'n dier, doodmaak, afslag en die gebruikelike gepaardgaande handelinge verrig met die doel om die vleis wat van die dier verkry word vir menslike of dierlike verbruik te gebruik; (xvi) 10
- (xv) "veearts" 'n veearts soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Veterinêre en Para-veterinêre Beroepe, 1982 (Wet No. 19 van 1982); (xviii)
- (xvi) "vleis" daardie gedeeltes van 'n dier wat normaalweg vir menslike of dierlike verbruik bestem is; (ix) 15
- (xvii) "vleisinspekteur" iemand wat oor die voorgeskrewe kwalifikasies beskik; (x)
- (xviii) "voorskryf" by regulasie voorskryf. (xiv)

Aanwysing en bevoegdheide en pligte van Direkteur van Vleishigiëne, en beheer deur Minister 20

2. (1) Die Minister moet 'n beampte in die departement wat 'n veearts is as Direkteur van Vleishigiëne aanstel.

(2) Die direkteur oefen die bevoegdheide uit, voer die pligte uit en verrig die werksaamhede wat ingevolge hierdie Wet aan die direkteur verleen, opgelê of opgedra word, onderworpe aan die beheer en voorskrifte van die Minister. 25

(3) Die direkteur kan na goedvinde enigiets wat in hierdie Wet aan 'n veearts of vleisinspekteur as 'n bevoegdheid, plig of werksaamheid verleen, opgelê of opgedra word, doen.

(4) Die direkteur kan 'n bevoegdheid, plig of werksaamheid wat ingevolge hierdie Wet aan hom verleen, opgelê of opgedra is skriftelik aan 'n beampte onder sy beheer deleger, maar die direkteur word nie ontdoen van 'n bevoegdheid, plig of werksaamheid wat aldus gedelegeer is nie, en kan enige beslissing wat gegee is deur die beampte uit hoofde van so 'n delegasie wysig of intrek, tensy die beslissing oorgedra is aan die persoon ten opsigte van wie die beslissing van toepassing is, in watter geval die beslissing gewysig of ingetrek kan word slegs indien die wysiging of intrekking tot die voordeel van die persoon sal strek of indien sodanige persoon daartoe toestem. 30 35

Verbod op slag van diere op ander plekke as goedgekeurde abattoirs

3. (1) Niemand mag—

- (a) enige dier op 'n ander plek as 'n goedgekeurde abattoir slag nie; 40
- (b) toelaat dat 'n dier op enige plek onder sy beheer geslag word nie, tensy so 'n plek 'n goedgekeurde abattoir is.

(2) Die Minister kan by regulasie alle persone wat tot 'n bepaalde kategorie behoort, op die voorgeskrewe voorwaardes van die bepalinge van subartikel (1) vrystel. 45

(3) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* enige gebied wat in die kennisgewing vermeld is, of alle gebiede uitgesonderd 'n gebied wat aldus vermeld is van die bepalinge van subartikel (1) vrystel.

Goedkeuring van ontwerp-tekeninge moet van direkteur verkry word ten opsigte van oprigting van abattoirs en verandering of sloping van sekere plekke wat ontwerp en opgerig is as abattoirs 50

4. (1) Iemand wat—

- (a) 'n abattoir wil oprig; 55
- (b) die uitleg van enige plek wat voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet ontwerp en opgerig is as 'n abattoir, maar ten opsigte waarvan geen goedkeuring in artikel 5 bedoel, bestaan nie, wil verander;
- (c) enige gebou, struktuur of vaste toerusting wat deel uitmaak van 'n plek

- (x) "meat inspector" means any person who holds the prescribed qualifications; (xvii)
- (xi) "Minister" means the Minister of Agriculture; (xii)
- 5 (xii) "officer" means an officer as defined in section 1(1) of the Public Service Act, 1984 (Act No. 111 of 1984), who is employed in the department, and includes an employee so defined, who is so employed; (ii)
- 10 (xiii) "owner", in relation to an abattoir, means the person in whom the ownership of the abattoir is vested or, in the case of any abattoir in respect of which the right of general control is vested in a person other than the person in whom the ownership is vested, that other person; (ix)
- (xiv) "prescribe" means prescribe by regulation; (xviii)
- (xv) "regulation" means a regulation made under section 24; (xiii)
- 15 (xvi) "slaughter", in relation to an animal, means kill, skin and perform the usual accompanying acts with the intention of using the meat of the animal for consumption by human beings or animals; (xiv)
- (xvii) "this Act" includes any regulation; (xi)
- 20 (xviii) "veterinarian" means a veterinarian as defined in section 1 of the Veterinary and Para-Veterinary Professions Act, 1982 (Act No. 19 of 1982). (xv)

Designation and powers and duties of Director of Meat Hygiene, and control by Minister

25 2. (1) The Minister shall designate an officer in the department who is a veterinarian, as Director of Meat Hygiene.

(2) The director shall exercise the powers, carry out the duties and perform the functions conferred or imposed upon or assigned to the director in terms of this Act, subject to the control and directions of the Minister.

30 (3) The director may in his discretion do anything which in terms of this Act is conferred or imposed upon or assigned to a veterinarian or meat inspector as a power, duty or function.

(4) The director may in writing delegate to any officer under his control any power, duty or function conferred or imposed upon or assigned to him in terms of this Act, but the director shall not be divested of any power, duty or function
35 so delegated, and may amend or withdraw any decision given by the officer by virtue of such delegation unless such decision has been conveyed to the person in respect of whom the decision applies, in which case the decision may be amended or withdrawn only if the amendment or withdrawal will be to the benefit of such person or if such person consents thereto.

40 **Prohibition of slaughter of animals at places other than approved abattoirs**

3. (1) No person shall—

- (a) slaughter any animal at any place other than an approved abattoir;
(b) permit the slaughter of any animal at any place under his control, unless such place is an approved abattoir.

45 (2) The Minister may by regulation exempt all persons belonging to a particular category from the provisions of subsection (1), subject to such conditions as may be prescribed.

(3) The Minister may by notice in the *Gazette* exempt from the provisions of subsection (1) any area mentioned in that notice, or all areas other than any area
50 so mentioned.

Approval of design drawings to be obtained from director in respect of erection of abattoirs and alteration or demolition of certain places designed and erected as abattoirs

4. (1) Any person who wishes—

- 55 (a) to erect an abattoir;
(b) to alter the outlay of any place which has before or after the commencement of this Act been designed and erected as an abattoir but in respect of which no approval contemplated in section 5 exists;
(c) to demolish or substantially alter any building, structure or permanent

- in paragraaf (b) vermeld ten opsigte waarvan geen sodanige goedkeuring bestaan nie, wil sloop of wesenlik verander;
- (d) enige gebou of struktuur wil oprig of vaste toerusting wil installeer by 'n plek in paragraaf (b) vermeld ten opsigte waarvan geen sodanige goedkeuring bestaan nie, 5
- en wat voornemens is om aansoek om 'n goedkeuring ingevolge artikel 5 te doen, moet, voordat hy met sodanige oprigting, verandering, sloping of installering begin, ontwerpkeuring, planne of sketse wat in ooreenstemming met die voorgeskrewe vereistes opgestel is, aan die direkteur voorlê vir goedkeuring.
- (2) Die direkteur keur nie enige ontwerpkeuring, skets of plan aan hom 10 ingevolge subartikel (1) voorgelê, goed nie tensy hy oortuig is dat, indien die oprigting, verandering, sloping of installering uitgevoer word in ooreenstemming met die ontwerpkeuring, skets of plan, of ter voldoening aan enige voorwaarde wat die direkteur goedgevind om op te lê wanneer hy die aansoek om die goedkeuring van die ontwerpkeuring, skets of plan oorweeg, die betrokke plek 15 geskik sal wees om ingevolge hierdie Wet as abattoir goedgekeur te word.
- (3) 'n Aansoek om die goedkeuring van 'n ontwerpkeuring, skets of plan in subartikel (2) vermeld, moet—
- (a) op die voorgeskrewe wyse gedoen word;
- (b) aan die direkteur voorgelê word; en 20
- (c) vergesel gaan van die voorgeskrewe geld.

Aansoeke om goedkeuring van abattoirs

5. (1) 'n Aansoek om die goedkeuring van 'n plek as 'n abattoir moet op die voorgeskrewe wyse aan die direkteur voorgelê word en moet van die voorgeskrewe geld vergesel gaan. 25
- (2) Die direkteur moet, indien hy oortuig is dat die plek waarop 'n aansoek vermeld in subartikel (1) betrekking het, opgerig is of verander is, of dat die sloping, verandering, installering of oprigting van enige gebou, struktuur of vaste toerusting by sodanige plek uitgevoer is in ooreenstemming met die ontwerpkeuring, skets of plan wat ingevolge artikel 4 goedgekeur is, die abattoir goedgekeur, 30 en moet 'n sertifikaat van goedkeuring uitreik, onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat in die sertifikaat uiteengesit word.
- (3) Die persoon aan wie 'n sertifikaat in subartikel (2) vermeld, uitgereik is, moet op die voorgeskrewe wyse met so 'n sertifikaat handel.
- (4) 'n Sertifikaat van goedkeuring uitgereik ten opsigte van 'n abattoir kragtens 35 artikel 4 van die Wet op Higiëne by Dierslag, Vleis en Dierlike Produkte, 1967 (Wet No. 87 van 1967), en wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie artikel van krag is, word geag 'n sertifikaat van goedkeuring te wees wat kragtens subartikel (2) ten opsigte van daardie abattoir uitgereik is.

Intrekking en verval van goedkeuring van abattoirs 40

6. (1) Die direkteur kan, behoudens subartikel (2), die goedkeuring wat kragtens artikel 5(2) ten opsigte van enige abattoir verleen is, intrek indien hy oortuig is dat—
- (a) die uitleg van 'n goedgekeurde abattoir verander is, of dat enige gebou, struktuur of vaste toerusting opgerig of geïnstalleer by so 'n abattoir, 45 gesloop, verwyder of wesenlik verander is;
- (b) die betrokke abattoir nie meer voldoen aan enige voorwaarde onderworpe waaraan die goedkeuring ingevolge artikel 5(2) verleen is nie;
- (c) die abattoir nie op die voorgeskrewe wyse bedryf word nie.
- (2) Die direkteur mag nie die goedkeuring van 'n abattoir intrek nie tensy hy die 50 eienaar van die abattoir in kennis gestel het van sy voorneme om dit te doen, en van die gronde waarop sy voorneme berus, en tensy hy die eienaar 'n redelike geleentheid gebied het om sy saak te stel of om enige aangeleentheid met betrekking tot die abattoir wat deur die direkteur aangedui is, reg te stel.
- (3) Die goedkeuring ingevolge artikel 5(2) ten opsigte van 'n abattoir verleen, 55 verval—
- (a) wanneer die persoon aan wie die goedkeuring verleen is, ophou om die eienaar van die abattoir te wees;
- (b) indien die eienaar van die abattoir die direkteur in kennis gestel het van

- equipment forming part of a place referred to in paragraph (b) in respect of which no such approval exists;
- (d) to erect any building or structure or install any permanent equipment at any place referred to in paragraph (b) in respect of which no such approval exists,
- 5 and who intends to make application for an approval in terms of section 5, shall, before commencing with such erection, alteration, demolition or installation, submit to the director for approval design drawings, plans or sketches which have been drawn up in conformity with the prescribed requirements.
- 10 (2) The director shall not approve any design drawing, sketch or plan submitted to him in terms of subsection (1) unless he is satisfied that, if the erection, alteration, demolition or installation is carried out in accordance with the design drawing, sketch or plan, or in compliance with any condition which the director may deem fit to impose when he considers the application for the
- 15 approval of the design drawing, sketch or plan, the place in question will be fit to be approved as an abattoir in terms of this Act.
- (3) An application for the approval of a design drawing, sketch or plan referred to in subsection (2) shall—
- (a) be made in the prescribed manner;
- 20 (b) be submitted to the director; and
- (c) be accompanied by the prescribed fee.

Applications for approval of abattoirs

5. (1) An application for the approval of any place as an abattoir shall be submitted to the director in the prescribed manner and shall be accompanied by
- 25 the prescribed fee.
- (2) The director shall, if he is satisfied that the place to which an application referred to in subsection (1) relates, has been erected or has been altered, or that the demolition, alteration, installation or erection of any building, structure or permanent equipment at such place, has been carried out in accordance with the
- 30 design drawing, sketch or plan approved in terms of section 4, approve the abattoir, and shall issue a certificate of approval subject to such conditions as may be stated in the certificate.
- (3) The person to whom a certificate referred to in subsection (2) has been issued, shall deal with such certificate in the prescribed manner.
- 35 (4) A certificate of approval issued in respect of an abattoir under section 4 of the Animal Slaughter, Meat and Animal Products Hygiene Act, 1967 (Act No. 87 of 1967), and which is in force immediately prior to the commencement of this section, shall be deemed to be a certificate of approval issued under subsection (2) in respect of that abattoir.

40 Withdrawal and lapse of approval of abattoirs

6. (1) Subject to subsection (2), the director may withdraw the approval granted under section 5(2) in respect of any abattoir if he is satisfied that—
- (a) the outlay of an approved abattoir has been altered, or that any
- 45 building, structure, or fixed equipment erected or installed at such abattoir, has been demolished, removed or substantially altered;
- (b) the abattoir in question no longer complies with any condition subject to which the approval was granted in terms of section 5(2); or
- (c) the abattoir is not operated in the prescribed manner.
- (2) The director shall not withdraw the approval of an abattoir unless he has
- 50 informed the owner of the abattoir of his intention to do so, and of the grounds upon which his intention is based, and unless he has afforded the owner of the abattoir a reasonable opportunity to state his case or to rectify any matter with regard to the abattoir indicated by the director.
- (3) The approval granted in terms of section 5(2) in respect of an abattoir shall
- 55 lapse—
- (a) when the person to whom the approval was granted ceases to be the owner of the abattoir;
- (b) if the owner of the abattoir has informed the director of his intention to

sy voorneme om alle bedrywighede met betrekking tot die slag van diere te staak, met ingang van die dag wat volg op die dag waarop sodanige bedrywighede gestaak word.

(4) Indien die eienaar van 'n goedgekeurde abattoir die abattoir van die hand sit, of alle bedrywighede met betrekking tot die slag van diere by so 'n abattoir staak met die voorneme om nie die bedrywighede te hervat nie, moet hy so gou doenlik na die vandiehandsetting of staking die direkteur van dié feit in kennis stel en die sertifikaat van goedkeuring aan die direkteur terugstuur.

Grade ten opsigte van goedgekeurde abattoirs

7. (1) Die Minister moet die grade ten opsigte van goedgekeurde abattoirs voorskryf en by regulasie die vereistes bepaal waaraan 'n goedgekeurde abattoir moet voldoen ten einde vir 'n bepaalde graad in aanmerking te kom.

(2) Wanneer die direkteur kragtens artikel 5(2) 'n sertifikaat van goedkeuring ten opsigte van 'n abattoir uitreik, moet hy—

(a) die graad van daardie abattoir, aan die hand van die vereistes bedoel in subartikel (1) bepaal; en

(b) sodanige graad op die sertifikaat van goedkeuring aandui.

(3) Die direkteur kan, hetsy uit eie beweging hetsy na die oorweging van 'n aansoek, die graad van 'n goedgekeurde abattoir, bepaal ingevolge subartikel (2), verander.

(4) 'n Verandering ten opsigte van die graad van 'n goedgekeurde abattoir word uit eie beweging deur die direkteur gedoen slegs—

(a) indien hy oortuig is dat voldoende gronde daarvoor bestaan; en

(b) nadat hy die houer van die betrokke sertifikaat van goedkeuring die geleentheid gebied het om verhoër oor die voorgenome verandering te rig.

(5) 'n Aansoek om die graad van 'n goedgekeurde abattoir te verander—

(a) word op die voorgeskrewe wyse gedoen; en

(b) gaan vergesel van die voorgeskrewe geld.

Veeartse en vleisinspekteurs moet by goedgekeurde abattoirs in diens geneem en gehou word

8. (1) Die eienaar van 'n goedgekeurde abattoir moet, tensy sodanige abattoir een is ten opsigte waarvan vrystelling ingevolge subartikel (3) verleen is, ten opsigte van daardie abattoir 'n veearts wat deur die direkteur ten opsigte van daardie abattoir aangewys is asook 'n vleisinspekteur wat aldus aangewys is in diens neem en hou.

(2) Die direkteur kan te eniger tyd 'n aanwysing kragtens subartikel (1) sonder opgaaf van redes intrek.

(3) (a) Die Minister kan by regulasie in die algemeen vrystelling verleen van die bepalings van subartikel (1), onderworpe aan die voorwaardes wat in daardie regulasie uiteengesit word.

(b) Die direkteur kan op aansoek op die voorgeskrewe wyse aan enige persoon vrystelling verleen van die bepalings van subartikel (1), onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat in die geskrif wat sodanige vrystelling bevat, uiteengesit word.

(4) Die veearts en vleisinspekteur in subartikel (1) bedoel, moet ten opsigte van daardie abattoir die bevoegdheide en pligte van 'n veearts en 'n vleisinspekteur uitoefen en uitvoer met betrekking tot die inspeksie van diere wat bestem is om by daardie abattoir geslag te word, die inspeksie van die vleis en dierlike produkte wat verkry word van diere wat by die abattoir geslag word, die verlening van goedkeuring vir die verwydering vanaf die abattoir van vleis wat bestem is vir menslike verbruik, en met enige aangeleentheid by sodanige abattoir handel wat die aandag en kundigheid van 'n veearts of vleisinspekteur vereis.

(5) Die veearts wat ingevolge subartikel (1) ten opsigte van 'n goedgekeurde abattoir aangestel en aangewys is, kan enige beslissing wat deur 'n vleisinspekteur wat ingevolge daardie subartikel ten opsigte van daardie abattoir aangestel en aangewys is, gegee is met betrekking tot diere wat bestem is om by daardie abattoir geslag te word, die inspeksie van die vleis van en dierlike produkte afkomstig van diere wat by daardie abattoir geslag word, die verlening van goedkeuring vir die wegneem van die abattoir van enige vleis wat vir menslike

discontinue all activities relating to the slaughter of animals, with effect from the date following the date upon which such activities are discontinued.

- (4) If the owner of an approved abattoir disposes of the abattoir, or discontinues all activities with regard to the slaughtering of animals at such abattoir with the intention not to resume such activities, he shall as soon as possible after such disposal or discontinuance notify the director of the fact and shall return the certificate of approval to the director.

Grades in respect of approved abattoirs

- 10 7. (1) The Minister shall prescribe the grades in respect of approved abattoirs and determine by regulation the requirements with which an approved abattoir shall comply in order to qualify for a particular grade.
- (2) When the director issues a certificate of approval in respect of an abattoir under section 5(2), he shall—
- 15 (a) determine the grade of that abattoir according to the requirements referred to in subsection (1); and
- (b) indicate such grade on the certificate of approval.
- (3) The director may, either of his own accord or after the consideration of an application, change the grade of an approved abattoir determined in terms of
- 20 subsection (2).
- (4) A change in respect of the grade of an approved abattoir shall be made by the director of his own accord only—
- (a) if he is satisfied that sufficient grounds exist therefore; and
- 25 (b) after he has afforded the holder of the certificate of approval concerned the opportunity to make representations in respect of the intended change.
- (5) An application to change the grade of an approved abattoir shall—
- (a) be made in the prescribed manner; and
- (b) be accompanied by the prescribed fee.

30 Veterinarians and meat inspectors to be employed at approved abattoirs

8. (1) The owner of an approved abattoir shall, unless such abattoir is one in respect of which exemption has been granted in terms of subsection (3), employ in respect of that abattoir a veterinarian who has been designated by the director in respect of that abattoir, as well as a meat inspector who has been so
- 35 designated.
- (2) The director may at any time, without furnishing reasons, withdraw any such designation under subsection (1).
- (3) (a) The Minister may by regulation generally grant exemption from the provisions of subsection (1), subject to such conditions as may be set out in that
- 40 regulation.
- (b) The director may on application in the prescribed manner grant to any person exemption from the provisions of subsection (1), subject to such conditions as may be set out in the document containing such exemption.
- (4) The veterinarian and meat inspector referred to in subsection (1) shall in
- 45 respect of that abattoir exercise and carry out the powers and duties of a veterinarian and a meat inspector with regard to the inspection of animals intended to be slaughtered at that abattoir, the inspection of the meat and animal products derived from animals slaughtered at the abattoir, the granting of approval for the removal from the abattoir of meat intended for human
- 50 consumption, and deal with any matter at such abattoir which requires the attention and expertise of a veterinarian or meat inspector.
- (5) The veterinarian appointed and designated in respect of any approved abattoir in terms of subsection (1) may amend or withdraw or substitute his own decision for any decision of a meat inspector designated and appointed in terms
- 55 of that subsection in respect of that abattoir given with regard to animals intended to be slaughtered at that abattoir, the inspection of the meat and animal products derived from animals slaughtered at the abattoir, the granting of approval for the removal from that abattoir of any meat which is intended for

verbruik bestem is, enige lasgewing met betrekking tot die wyse waarop met vleis wat ongeskik vir menslike verbruik bevind is, gehandel moet word of enige ander beslissing wat so 'n veearts ingevolge hierdie Wet bevoeg is om te gee, wysig of intrek of deur sy eie beslissing vervang, tensy die persoon wat uit hoofde van so 'n beslissing verplig of bevoeg is om enige handeling te verrig, met die verrigting van sodanige handeling begin het, in watter geval die beslissing van die vleisinspekteur slegs met die instemming van sodanige persoon gewysig, ingetrek of vervang kan word, tensy sodanige wysiging, intrekking of vervanging tot die voordeel van sodanige persoon strek. 5

Verbod op slag van diere by goedgekeurde abattoirs tensy geïnspekteer en goedgekeur 10

9. (1) Niemand mag 'n dier by 'n goedgekeurde abattoir slag of toelaat dat dit daar geslag word nie, tensy die dier deur 'n veearts of vleisinspekteur geïnspekteer is en vir slagdoeleindes goedgekeur is.

(2) (a) Die Minister kan by regulasie in die algemeen vrystelling verleen van die bepalings van subartikel (1), onderworpe aan die voorwaardes wat in daardie regulasie uiteengesit word. 15

(b) Die direkteur kan op aansoek op die voorgeskrewe wyse aan enige persoon vrystelling verleen van die bepalings van subartikel (1), onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat in die geskrif wat sodanige vrystelling bevat, uiteengesit word. 20

Verbod op wegneem van vleis van diere wat by goedgekeurde abattoirs geslag is tensy vleis geïnspekteer en goedgekeur is

10. (1) Niemand mag enige vleis van 'n dier wat by 'n goedgekeurde abattoir geslag is van sodanige abattoir wegneem nie tensy die vleis deur 'n veearts of vleisinspekteur geïnspekteer is en deur hom goedgekeur is as geskik vir menslike verbruik en tensy dit op die voorgeskrewe wyse gemerk is. 25

(2) (a) Die Minister kan by regulasie in die algemeen vrystelling verleen van die bepalings van subartikel (1), onderworpe aan die voorwaardes wat in daardie regulasie uiteengesit word.

(b) Die direkteur kan op aansoek op die voorgeskrewe wyse aan enige persoon vrystelling verleen van die bepalings van subartikel (1), onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat in die geskrif wat sodanige vrystelling bevat, uiteengesit word. 30

Verbod op wegneem van dierlike produkte van goedgekeurde abattoirs

11. Niemand mag enige dierlike produk wat verkry is van 'n dier wat by 'n goedgekeurde abattoir geslag is, van die abattoir wegneem nie tensy sodanige produk deur 'n veearts of vleisinspekteur geïnspekteer is en daar bevind is dat die dierlike produk nie besmet is nie. 35

Hou of merk van of ander stappe wat gedoen moet word ten opsigte van sekere diere, vleis of dierlike produkte

12. Enige dier, vleis of dierlike produk wat toe dit ingevolge artikel 9, 10 of 11 geïnspekteer is, bevind is nie geskik te wees vir slagdoeleindes of vir menslike verbruik nie, of bevind is besmet te wees, moet op die voorgeskrewe wyse gehou, gemerk, vernietig of mee gehandel word. 40

Toelaatbare metodes en prosedures vir die slag van diere

13. (1) (a) Niemand mag 'n dier by 'n goedgekeurde abattoir slag nie behalwe op 'n humane wyse en in ooreenstemming met die toepaslike voorgeskrewe metodes en prosedures. 45

(b) Die direkteur kan ondanks die bepalings van paragraaf (a) op aansoek op die voorgeskrewe wyse gedoen, skriftelik vrystelling verleen van die bepalings van daardie paragraaf in die mate en onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal en in die betrokke skriftelike vrystelling uiteensit. 50

(2) Die eienaar van 'n goedgekeurde abattoir moet—

(a) die voorgeskrewe higiëne-praktyke toepas wanneer 'n dier ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1) geslag word; en

human consumption, any direction with regard to the manner in which meat which has been found to be unfit for human consumption shall be dealt with or any other decision which such veterinarian is in terms of this Act authorized to give, unless the person who is by virtue of such decision obliged or competent to perform any act has commenced with the performance of such act, in which case the decision of the meat inspector may be amended, withdrawn or substituted only with the consent of such person, unless such amendment, withdrawal or substitution is to the benefit of such person.

10 Prohibition of slaughter of animals at approved abattoirs unless inspected and approved

9. (1) No person shall slaughter or permit the slaughter of any animal at an approved abattoir unless the animal has been inspected by a veterinarian or meat inspector and has been passed as fit for slaughter purposes.

15. (2) (a) The Minister may by regulation generally grant exemption from the provisions of subsection (1), subject to such conditions as may be set out in the regulation.

(b) The director may on application in the prescribed manner, grant to any person exemption from the provisions of subsection (1), subject to such conditions as may be set out in the writing containing such exemption.

20 Prohibition of removal of meat of animals slaughtered at approved abattoir unless meat has been inspected and approved

10. (1) No person shall remove from any approved abattoir any meat of any animal slaughtered at such abattoir unless the meat has been inspected by a veterinarian or meat inspector and has been approved by him as fit for human consumption and unless it has been marked in the prescribed manner.

25. (2) (a) The Minister may by regulation generally grant exemption from the provisions of subsection (1), subject to such conditions as may be set out in the regulation.

30. (b) The director may on application in the prescribed manner, grant to any person exemption from the provisions of subsection (1), subject to such conditions as may be set out in the writing containing such exemption.

Prohibition of removal of animal products from approved abattoirs

11. No person shall remove any animal product derived from any animal slaughtered at an approved abattoir, from that abattoir unless such product has been inspected by a veterinarian or meat inspector and it has been found that the animal product is not infected.

Detention or marking of or other steps to be taken in respect of certain animals, meat or animal products

12. Any animal, meat or animal product which, when inspected in terms of section 9, 10 or 11, has been found not to be fit for slaughter purposes or for human consumption, or has been found to be infected, shall in the prescribed manner be detained, marked, destroyed or dealt with.

Permissible methods and procedures for slaughter of animals

13. (1) (a) No person shall slaughter an animal at an approved abattoir otherwise than in a humane manner and in accordance with the applicable prescribed methods and procedures.

50. (b) Notwithstanding the provisions of paragraph (a), the director may, on application made in the prescribed manner, grant exemption in writing from the provisions of that paragraph to the extent and subject to such conditions as he may determine and set out in the written exemption concerned.

(2) The owner of an approved abattoir shall—

(a) apply the prescribed hygienic practices when an animal is slaughtered in accordance with the provisions of subsection (1); and

- (b) die voorgeskrewe middele beskikbaar stel wat vir die toepassing van sodanige praktyke nodig is, en verseker dat daardie middele vir dié doel benut word.

Beperking op invoer van vars vleis

14. (1) (a) Niemand mag enige vars vleis in die Republiek invoer nie, behalwe 5
uit hoofde van 'n invoerpermit deur die direkteur uitgereik.

(b) By die toepassing van hierdie artikel beteken "vars vleis" vleis wat geen prosessering anders as dressing, ontbening, verkoeling of bevriesing ondergaan het nie.

(c) Die bepalings van paragraaf (a) is nie van toepassing nie op vars vleis wat vir 10
'n voorgeskrewe doel ingevoer word of indien die betrokke besending nie die voorgeskrewe massa oorskry nie.

(2) 'n Aansoek om 'n invoerpermit bedoel in subartikel (1)(a) word op die voorgeskrewe wyse gedoen en gaan vergesel van die voorgeskrewe aansoekgeld.

(3) 'n Invoerpermit bedoel in subartikel (1)(a) word slegs uitgereik ten opsigte 15
van vars vleis wat verkry is van diere wat by 'n abattoir geslag is wat vir die invoer van vars vleis deur die direkteur goedgekeur is.

(4) 'n Invoerpermit bedoel in subartikel (1)(a) word uitgereik op die voorwaardes wat die direkteur bepaal en in die betrokke sertifikaat uiteensit.

(5) (a) Vars vleis wat in stryd met die bepalings van subartikel (1) of 'n 20
voorwaarde bepaal kragtens subartikel (4) in die Republiek ingevoer is—

(i) word, indien die invoerder dit verkies, op eie koste deur sodanige invoerder uit die Republiek verwyder binne 'n tydperk deur die direkteur bepaal; of

(ii) word andersins mee gehandel op die voorwaardes en wyse deur die 25
direkteur bepaal.

(b) Indien die betrokke vars vleis nie binne die tydperk bedoel in paragraaf (a)(i) uit die Republiek verwyder word nie, of 'n voorwaarde bedoel in paragraaf (a)(ii) nie nagekom word nie, word daardie vleis aan die Staat verbeur en beskik 30
die direkteur daarvoor na goeddunke.

(c) Die Staat kan enige koste aangegaan in verband met die beskikking bedoel in paragraaf (b) op die betrokke invoerder verhaal.

(6) 'n Permit uitgereik vir die invoer van vleis ingevolge die regulasies uitgevaardig kragtens die Wet op Higiëne by Diereslag, Vleis en Dierlike 35
Produkte, 1967 (Wet No. 87 van 1967), en wat onmiddellik voor die inwerking-treding van hierdie artikel van krag is, word geag 'n invoerpermit te wees wat kragtens subartikel (1)(a) uitgereik is.

Betredings- en ondersoekbevoegdhede

15. (1) (a) Die direkteur of 'n beampte wat kragtens 'n delegasie of lasgewing van die direkteur optree, kan, wanneer hy dit nodig ag by die uitvoering of 40
verrigting deur hom van enige bevoegdheid of plig wat aan die direkteur by of kragtens hierdie Wet verleen of opgedra is, te eniger redelike tyd en sonder voorafgaande kennisgewing enige plek, perseel of vervoermiddel betree.

(b) Die bepalings van paragraaf (a) is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n veearts of 'n vleisinspekteur vir sover dit betrekking het op die uitvoering van 'n 45
bevoegdheid en die verrigting van 'n plig by of in verband met die abattoir ten opsigte waarvan daardie veearts of vleisinspekteur ingevolge hierdie Wet aangestel en aangewys is.

(c) Iemand wat 'n plek, perseel of vervoermiddel ingevolge hierdie subartikel betree, moet bewys van sy identiteit en magtiging toon wanneer hy deur die 50
persoon in beheer van die betrokke plek, perseel of vervoermiddel daartoe versoek word.

(2) Iemand wat 'n plek, perseel of vervoermiddel betree ingevolge die bevoegdheid kragtens subartikel (1) verleen, kan—

(a) die helpers, toestelle, instrumente, gereedskap of ander goed wat hy vir 55
die doeleindes van hierdie subartikel nodig ag, met hom saamneem;

(b) van die eienaar of persoon in beheer van die betrokke plek, perseel of vervoermiddel alle redelike bystand eis wat so iemand nodig ag ten einde hom in staat te stel om sy bevoegdhede en pligte ten opsigte van daardie 60
plek, perseel of vervoermiddel uit te oefen of te verrig;

- (b) provide the prescribed means necessary for the application of such practices, and ensure that such means are utilized for that purpose.

Restriction on importation of fresh meat

14. (1) (a) No person shall import any fresh meat into the Republic except on the authority of an import permit issued by the director.

(b) For the purposes of this section "fresh meat" means meat which has not undergone any processing except dressing, deboning, cooling or freezing.

(c) The provisions of paragraph (a) shall not apply to fresh meat imported for a prescribed purpose or if the consignment in question does not exceed the prescribed mass.

(2) An application for an import permit referred to in subsection (1)(a) shall be made in the prescribed manner and shall be accompanied by the prescribed fee.

(3) An import permit referred to in subsection (1)(a) shall be issued only in respect of fresh meat derived from animals slaughtered at an abattoir which has for the purposes of the importation of fresh meat been approved by the director.

(4) An import permit referred to in subsection (1)(a) shall be issued subject to such conditions as the director may determine and set out in the certificate concerned.

(5) (a) Fresh meat imported into the Republic contrary to the provisions of subsection (1) or in conflict with a condition determined under subsection (4) shall—

(i) if the importer so prefers, be removed at his own cost by such importer from the Republic within a period determined by the director; or

(ii) otherwise be dealt with on such conditions and in such manner as the director may determine.

(b) If the fresh meat concerned is not removed from the Republic within the period referred to in paragraph (a)(i), or if a condition referred to in paragraph (a)(ii) is not complied with, that meat shall be forfeited to the State and the director may dispose thereof at his discretion.

(c) The State may recover any expenses incurred in connection with the disposal referred to in paragraph (b) from the importer concerned.

(6) A permit issued for the importation of meat in terms of the regulations made under the Animal Slaughter, Meat and Animal Products Hygiene Act, 1967 (Act No. 87 of 1967), and in force immediately prior to the commencement of this section shall be deemed to be an import permit issued under subsection (1)(a).

Powers of entry and investigation

15. (1) (a) The director or any officer acting under a delegation or direction of the director may, whenever he deems it necessary in the exercise or carrying out by him of any power or duty conferred or imposed upon the director in terms of this Act, at any reasonable time and without prior notice enter upon any place, premises or conveyance.

(b) The provisions of paragraph (a) shall apply *mutatis mutandis* to a veterinarian or a meat inspector in so far as they relate to the exercising of a power and the carrying out of a duty at or in connection with the abattoir in respect of which such veterinarian or meat inspector has been appointed and designated in terms of this Act.

(c) Any person who enters upon any place, premises or conveyance in terms of this subsection shall show proof of his identity and authority when requested thereto by the person in charge of the place, premises or conveyance concerned.

(2) A person entering upon a place, premises or conveyance in terms of the power conferred under subsection (1) may—

(a) take with him such assistants, appliances, instruments, tools or other things as he may deem necessary for the purposes of this subsection;

(b) demand from the owner or person in charge of the place, premises or conveyance concerned, all reasonable assistance which such person may deem necessary in order to enable him to exercise his powers and perform his duties in connection with that place, premises or conveyance;

- (c) enige dier, vleis, dierlike produk of ander artikel ten opsigte waarvan hierdie Wet van toepassing is en wat inderdaad of na vermoede daar geslag, verwerk, behandel, berei, gegradeer, geklassifiseer, verpak, gemerk, geëtiketteer, gehou, verwyder, vervoer, uitgestal of verkoop word, ondersoek of laat ondersoek; 5
- (d) die werksaamhede of prosesse in verband met enige handeling in paragraaf (c) bedoel, ondersoek, en van die eienaar van die betrokke dier, vleis, dierlike produk of ander artikel, of van die persoon wat dit in sy bewaring het, of wat oor sodanige werksaamhede of prosesse toesig hou, inligting of 'n verduideliking betreffende die betrokke werksaamheid, proses, dier, vleis, dierlike produk of ander artikel eis: Met dien verstande dat sodanige inligting of verduideliking slegs as getuienis in 'n geregshof teen daardie eienaar of persoon toelaatbaar is op 'n aanklag in artikel 20(1)(g) bedoel; 10
- (e) die monsters van die betrokke dier, vleis, dierlike produk of ander betrokke artikel neem wat hy nodig ag, en vir dié doel enige houer oopmaak waarin daardie vleis, dierlike produk of ander artikel bevat is, en so 'n monster toets, ondersoek of ontleed of dit laat toets, ondersoek of ontleed; en 15
- (f) enige boek of stuk ten opsigte waarvan hy op redelike gronde vermoed dat dit op so 'n dier, vleis, dierlike produk of ander artikel betrekking het, nagaan en afskrifte daarvan of uittreksels daaruit maak, ongeag of dit op of by die betrokke plek, perseel of vervoermiddel of by 'n ander plek gehou word, en van die eienaar van daardie boek of stuk of die persoon wat dit in sy bewaring het, 'n verduideliking betreffende enige aantekening of inskrywing daarin eis: Met dien verstande dat sodanige verduideliking slegs as getuienis in 'n geregshof teen daardie eienaar of persoon toelaatbaar is op 'n aanklag in artikel 20(1)(g) bedoel. 20 25

Beslagleggings

16. (1) 'n Persoon bedoel in artikel 15(1) kan, te eniger redelike tyd en op enige wyse wat hy geskik ag, sonder voorafgaande kennisgewing aan enige persoon, beslag lê op enige dier, vleis, dierlike produk of ander artikel, of op enige boek of stuk, wat— 30

- (a) betrokke is of op redelike gronde deur hom vermoed word betrokke te wees by die pleging of vermeende pleging van 'n misdryf ingevolge hierdie Wet; 35
 - (b) tot bewys kan strek van die pleging of vermeende pleging van so 'n misdryf; of
 - (c) bestem is of op redelike gronde deur hom vermoed word bestem te wees om by die pleging van so 'n misdryf gebruik te word. 40
- (2) Die betrokke persoon—
- (a) kan enigiets waarop aldus beslag gelê is, van die plek, perseel of vervoermiddel waar hy beslag daarop gelê het, verwyder of dit daarop laat en, indien hy dit nodig ag, enige identifikasiemerk of seël daarop, of op die houer daarvan, aanbring; en 45
 - (b) moet 'n polisiebeampte soos omskryf in artikel 1(1) van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), onverwyld, vir die doeleindes van 'n vervolging kragtens hierdie Wet, van sodanige beslaglegging in kennis stel.

(3) Voorwerpe waarop aldus beslag gelê is, word oor beskik ooreenkomstig die toepaslike bepalings bedoel in Hoofstuk 2 van die Strafproseswet, 1977: Met dien verstande dat in die geval van vleis wat ongeskik vir menslike verbruik is, of 'n dierlike produk wat besmet is, die direkteur kan gelas dat sodanige vleis of dierlike produk aan die Staat verbeur word om vernietig te word. 50

Lasgewings

17. (1) Indien 'n persoon in artikel 15(1) bedoel van oordeel is dat—
- (a) 'n goedgekeurde abattoir of 'n gedeelte daarvan of 'n toestel daarin, in 'n vuil of onhygiëniese toestand is, of opknapping, herstel of verandering nodig het of nie in alle opsigte aan die vereistes van hierdie Wet voldoen nie; 60

- (c) examine or cause to be examined any animal, meat, animal product or other article in respect of which this Act applies and that was in fact or is suspected of having been slaughtered, dressed, treated, prepared, graded, classified, packed, marked, labelled, kept, removed, transported, exhibited or sold there;
- (d) inspect the operations or processes in connection with any action referred to in paragraph (c), and demand from the owner or custodian of the animal, meat, animal product or other article concerned, or from the person supervising such operations or processes, any information or an explanation regarding the operation, process, animal, meat, animal product or other article concerned: Provided that such information or explanation shall only be admissible as evidence in a court of law against such owner, custodian or person on a charge referred to in section 20(1)(g);
- (e) take such samples of the animal, meat, animal product or other article concerned as he may deem necessary, and for such purpose open any container in which that meat, animal product or other article is contained, and test, examine or analyze such sample or cause it to be tested, examined or analyzed;
- (f) examine and make copies of or take extracts from any book or document in respect of which he on reasonable grounds suspects that it relates to such animal, meat, animal product or other article, irrespective of whether or not it is kept on or at the place, premises or conveyance concerned or any other place, and demand from the owner or custodian of that book or document an explanation regarding any record or entry therein: Provided that such explanation shall be admissible in evidence in a court of law against that owner or person only on a charge referred to in section 20(1)(g).

Seizures

